

SESSIE 3. DIE JABOB VERHAAL SIKLUS

Genesis 25:19 – 36:43

(lees die gedeelte as 'n geheel voor die sessie)

'n Paar gedagtes uit die vorige week:

- 'n Mens verstaan en onthou Bybelse verhale net soveel beter as jy die verloop daarvan op 'n kaart volg. Kyk weer na sessie 2 en vergewis jou van die plekke wat Abraham in sy omswerwinge besoek het.
- In elkeen van die drie Aartsvader blyk die skrywer se intensie wanneer ons na die verhaalstruktuur kyk. Dit is baie duidelik dat die skrywer nie ten doel het om gebeure kronologies te beskryf nie, maar om 'n duidelike boodskap uit te lig.
- Wat was die boodskap van die Abraham verhaal? Vergelyk Abraham toe hy die belofte van God in Haran ontvang het (Gen.12:1-3) met die Abraham wat ons op berg Moria teëkom waar hy Isak moet offer (Gen. 22:16-18). Wat het verander? Abraham se geloof is oor jare deur bloedsweet en tranes gevorm. Dit bring hom eindelijk by die vrede uit dat God soewerein is (oor alles heers en regeer) en daarbinne voorsien. Dit gaan nie primêr vir die skrywer oor God se genade vir Abraham nie, maar dat hierdie genade deur Abraham se geloof tot seën van die nasies moet wees.
- Hoe is God vandag in ons wêreld betrokke? Ons begrip is te beperk om die omvangrykheid van God in ons wêreld te verstaan. Paulus se gedagtes in Romeine 11:33-12:21 eggo 'n belangrike waarheid in die Abraham verhaal. Lees die gedeelte noukeurig deur:

- In die gedeelte val die klem op God wie se bedoeling bo ons begrip en verstand is en dat Hy hom nie voor enige mense hoef te verantwoord nie. God se soewereiniteit mag koud en klinies klink, maar die daaropvolgende gedagte getuig van sy sorg en leiding.

- Ons geloof word gevorm waar ons God toelaat om ons gedagtes en denke te verander oor die wyse waarop ons ons hede sien en beoordeel. Die Abraham verhaal leer dat dit nie in 'n oogwink gebeur nie, maar diep gewortel is daaglikse lewens ervaringe wat ons oor tyd heen verander.


- God se bedoeling (wil) word op 'n besondere manier duidelik wanneer ons geloof ons inspireer tot die lewe waarvan Romeine 12:9-21 praat (sien die kernwoorde: betoon, verbly, help, seën, wees bly, treur, leef in vrede, laat aan God oor). Hieruit blyk God se voorsienigheid.
- In al drie verhale wat ons gaan lees blyk die tema dat ons nie deur ons dae nie, maar op grond van God se genade regverdig word.

Die Jakob verhaal

Volg Jakob se reise op die kaart hieronder. Ons gaan in hierdie sessie die verloop en hoogtepunte daarvan op die kaart volg.




Vandag se sessie bring ons by die verhaal wat tussen die geboorte van Jakob en Josef verloop (volg die verloop op Jakob se stamboom hieronder – vergewis jou van die karakters in die verhaal).




'n Paar algemene opmerkings oor die samestelling van die verhaal:

- Kom julle agter dat die Isak verhaal nie op dieselfde vlak vertel word as die Abraham, Jakob en Josef verhale nie. Kan jy die verskille identifiseer?
- Die Jakob verhaal bestaan uit die groepering van 'n aantal los verhale wat later deur 'n redakteur/skrywer saamgevoeg is waarvan sommige uit ou mondelinge tradisies afkomstig is.
- Terwyl die Abraham siklus in die omgewing van die suidelike stamme (Koninkryk van Juda) afspeel, bring die Jakob siklus ons by die noordelike stamme uit (Koninkryk van Israel) (verwysings na Bet-El in 28:10-22; 31:13; 35:1-15).



- Die Abraham siklus is gemoed met God se belofte wat oor generasies gedra word. In die Jakob verhaal is die fokus net op Jakob se eie generasie en konflik daarbinne om geseën te word. Reg deur die verhaal is Jakob konstant gemoed met voorspoed, vrugbaarheid en 'n soeke na sukses.
- Let pertinente herhalings wat ook in die Abraham siklus voorkom: Hongersnood, Rebekka is soos Sara kinderloos, ontmoeting met koning Abimelek en Isak wat oor sy vrou jok asook Abimelek se reaksie, God se belofte van land en nageslag.
- Wat het van Ismael geword? Lees Genesis 25:18.



Ismael se nageslag, wat 'n kern rol speel in Islam, het die area tussen Sur (Shur) en Gawila (Havilah) wat as die Paran woestyn bekendstaan, bewoon (moet dit nie verwar met Paddan Aram of te wel Haran, waarheen Jakob getrek het nie). Die Paran woestyn is vandag deel van die Arabiese skiereiland. 'n Paar ander Bybelse gebeure het hier afgespeel:

- Abraham stuur Hagar weg om hier rond te swerf (Gen.17:14).
- Dit is die gebied waarin die Israeliete vir 40 jaar rondtrek na hulle uittog uit Egipte (Num. 10:12; Deut. 1:1, 33:2).
- Koning Dawid besoek Nabal (1 Sam. 25:1).

Die unieke struktuur van die Jakob verhaal

Soos in die Abraham verhaal, het die Jakob verhaal 'n eie struktuur (plot, spanningslyn, ontknoping en afloop/transisie) wat 'n unieke boodskap kommunikeer. Die kern van die verhaal se spanningslyn verloop tussen die volgende twee hoofmomente waarna ons later in meer detail na gaan kyk. In die ontknoping van hierdie konflik blyk die tema van die verhaal.

- Jakob in konflik met Esau. Lees Gen. 25:19-34; 27:1-45 en 27:46-28:9.
- Jakob versoen met Esau. Lees Gen. 32-33:17

Tussen hierdie twee momente verskyn God twee keer aan Jakob waartydens hy verander word.


- Ontmoeting by Bet-El. Lees Gen. 28:10-22.
- Ontmoeting by Pniel. Lees Gen. 32:22-32.

Binne hierdie twee ontmoetings word twee konflik situasies beskryf:

- Jakob in konflik met Laban. Lees Gen. 29:1-30.
- Jakob in konflik met verbond (belofte van nageslag). Lees Gen. 30:25-31:55. In die middel van die verhaal staan die geboorte van Jakob se kinders (Gen. 29:31-30:24):

Die einde van die verhaal breek aan met Josef se geboorte in Genesis 30:24 waarna die transisie (Genesis 33:18-36:45) plaasvind na die Josef verhaal.

GENESIS 25:19—36:43: THE JACOB NARRATIVE



Kernmomente in die Jakob verhaal

- Gen. 25:19-26. Die skrywer begin die verhaal met die tema van konflik. Voor Esau en Jakob se geboorte wedywer Jakob in Rebekka se baarmoeder met Esau. Hy word as gevolg daarvan Jakob genoem wat beteken: hakskeen gryper/ bedrieër (Gen. 25:26 en 27:36). Dit is asof die skrywer ons laat verstaan dat hierdie toestand in sy DNA gegroef is. Kan so iemand verander? Hoe vergelyk Jakob se karakter met dié van sy oupa Abraham? Jakob was gedetermineer om suksesvol, voorspoedig en geseën te wees en kom in konflik met enige iets of iemand wat in sy pad staan.
- Let op hoe die volgende karakters in konflik met mekaar staan: Jakob-Esau, Isak - Rebekka (elkeen trek 'n kind voor). Met wie het jy meer simpatie: Jakob of Esau? Hoe rym Jakob en Rebekka se slinksheid met God se doel? Waarom kies God vir Jakob, wat op 'n slinkse wyse sy eie belang soek, om die belofte te dra? Esau is tog die oudste en verdien die geboortereg. Die antwoord lê in die ontknoping aan die einde van die verhaal.
- As gevolg van Jakob se bedrog vlug hy in vrees van sy broer se vergelding na sy oom Laban in Haran (hy is terug by die plek waarvandaan sy oupa Abraham getrek het). In hierdie tyd vertrek Esau na die Paran woestyn om by sy oom Ismael tuis te gaan (Gen. 28). Hulle lewens is letterlik wêreldes uitmekaar (Haran of te wel Paddan Aram in die mees noordelike deel van die Ou Nabye Ooste en Paran woestyn op die mees suidelike punt).
- Jakob se ontmoeting met God by Bet-El is 'n draaipunt in sy lewe waarin ons skielik 'n ander kant van Jakob (die ware Jakob) leer ken.
- Vanaf Genesis 29 is dit asof rolle omgedraai word wanneer Laban Jakob bedrieg as hy op 'n eerlike manier 'n bestaan wil maak. Let op hoe al Jakob se seuns se name verband hou met vrugbaarheid en voorspoed (sien die voetnotas in jou Bybel by rondom Genesis 30).
- Die verhaal bou tot 'n klimaks op in Genesis 32-33. Lees weer die gedeelte noukeurig. Wat spreek jou in hierdie gedeelte aan? Jakob se naam word na Israel verander waarna hy hom in Sigem vestig (Gen. 33:19-20). Sigem word dan later die hoofstad van die noordelike koninkryk wat gevolglik as die

koninkryk van Israel bekendstaan (ook genoem die huis van Josef en huis van Efraim).

Die boodskap van die Jakob verhaal siklus

Jakob se lewe word gekenmerk deur sy ambisie om geseën te wees en die konflik wat dit oral teweegbring. Waarom seën God vir Jakob wat onreg pleeg? Esau is tog die eersgeborene en verdien eerder God se seën? Kan iemand soos Jakob verander en het God vir Esau verlaat? Die leser word in hierdie spanning gevange gehou tot met die aanbreek van Genesis 33:1-17. Lees weer die gedeelte van Genesis 32-33:17 en neem tyd om oor die volgende te dink. Onthou dat ons by die implisiet tema van die verhaal wil uitkom.

1. Hoe het dit gebeur dat Jakob besluit het om van Haran weer na Kanaän terug te keer? Hoe gebeur dit dat twee broers wat letterlik in twee verskillende wêrelde leef weer by mekaar uitkom? Lees Genesis 31:13 en 32:9.

.....
.....

2. Wat wag op Jakob as hy terugkeer en waarom is hy huiwerig om uit Haran na Kanaän te vertrek? Genesis 27:41.

.....
.....

3. Hoe berei Jakob vir die ontmoeting met Esau voor en wat wil hy daardeur bereik? Lees Genesis 32:1-12.

.....
.....

4. Plaas jousef in Jakob se skoene as jy Genesis 33:1 lees: Wat gaan in jou hart en gedagtes aan as jy jou broer in die verte sien wat met 400 mans na jou toe kom? (Vergelyk die skare wat Esau vergesel met die skare rondom Jakob wat uit vroue en kinders bestaan).

.....
.....

5. Watter emosies kom in Genesis 33:4 in jou los as die twee broer uiteindelijke van “aangesig tot aangesig” ontmoet?

.....
.....

6. Lees Genesis 33:8-9. Esau skuif in die verhaal op die agtergrond, maar dit blyk dat hy ook inderdaad verander het van Genesis 27:41. Was Esau ook helaas deur God geseën? Lees Genesis 36:1-29.

.....
.....

7. Wat is die betekenis van die altaar wat Jakob na die insident in Genesis 33:20 by Sigem oprig?

.....
.....

Waaroor gaan die verhaal? Wat wil die skrywer by ons tuisbring? Hoe is God by ons in hierdie wêreld teenwoordig?

Paulus se boodskap in 1 Kor. 1:27-29 som die betekenis van die verhaal mooi op:

En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie.

Daar is iets baie besonder hieroor in die Hebreeuse teks opgesluit wat deur vertalings verlore gaan. In die Hebreeuse teks word die woord “gesig” op ‘n kunstige manier gebruik om die leser by ‘n diep lewens realiteit uit te bring:

1. Genesis 32:20 – Jakob verskyn voor die aangesig van Esau

Nuwe Afrikaanse vertaling van Genesis 32:20:

Verder moet julle ook nog sê: Jakob kom agter ons aan. Hy wil aan u onderdanig wees.” Jakob het naamlik gedink: met die geskenk wat voor my uit gaan, sal ek probeer om hom in 'n goeie bui te kry.

32:20 (32:21)	וְאַמַּרְתֶּם	גַּם	הִנֵּה	עַבְדְּךָ	אֲחֵרֵינוּ	כִּי	- אָמַר
	u·amrthm	gm	ene	obd·k	ioqb achri·nu	ki	- amr
	and·you ^(P) -say	moreover	behold !	servant-of·you	Jacob	behind·us	that he-said
	אֶכְפֹּרָה	פְּנֵי	בְּמִנְחָה	הַהֹלֶכֶת	לְפָנַי		
	akphre	phni·u	b·mnche	e·elkth	l·phn·i		
	I-shall-make-propitiatory-shelter	faces-of·him	in·the·present	the·one-going	to·faces-of·me		
	וְאַחֲרַי	- כֵּן	אֶרְאֶה	פְּנֵי	אִשָּׁא	פָּנָי	:
	u·achri	- kn	arae	phni·u	auli isha	phn·i	:
	and·after	so	I-shall-see	faces-of·him	perhaps he-shall-lift-up	faces-of·me	

Direk vertaal uit Hebreeus:

“I may appease his *face* with the present that goes *before* me, and afterwards I will *see his face*; perhaps he will *lift my face*. So the present passed *before* him”

2. Genesis 32:30 – Jakob verskyn voor die aangesig van God

Nuwe Afrikaanse vertaling: Genesis 32:30:
en Jakob het die plek Pniël genoem, “want”, het hy gesê, “ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie.”

32:30 (32:31) וַיִּקְרָא יַעֲקֹב שֵׁם הַמָּקוֹם פְּנֵי אֵל כִּי רָאִיתִי אֱלֹהִים פְּנִים אֶל -
 u·iqra ioqb shm e·mgum phnial ki - raithi aleim phnim al -
 and·he-is-calling Jacob name-of the·place²¹ Peniel that I-saw Elohim faces to

פְּנִים וַתִּנְצֵל נַפְשִׁי :
 phnim u·thntzl nphsh·i :
 faces and·she-is-being-rescued soul-of·me

Direk vertaal uit Hebreeus:
 “I saw God face to face”

3. Genesis 33:10 – om mekaar te sien is soos die gesig van God.

33:10 וַיֹּאמֶר יַעֲקֹב אֵל נָא - נָא אִם - נָא מִצָּאתִי חֵן בְּעֵינֶיךָ
 u·iamr ioqb al - na - na am - na mtzathi chn b·oini·k
 and·he-is-saying Jacob must-not-be please ! if please ! I-found grace in·eyes-of·you

וְלָקַחְתָּ מִנְּחֹתַי מִיָּדִי כִּי רָאִיתִי עַל־כֵּן פְּנֵיךָ כָּרָאתָ פְּנֵי
 u·lqchth mnchth·i m·id·i ki ol-kn raithi phni·k k·rath phni
 and·you-take present-of·me from·hand-of·me that on·so I-see faces-of·you as·to-see-of faces-of

וַתִּרְצַנֵּי אֱלֹהִים :
 aleim u·thrtz·ni :
 Elohim and·you-are-accepting·me

Nuwe Afrikaanse vertaling Genesis 33:10:
Toe sê Jakob: “Nee, as u my goedgesind is, moet u my geskenk aanvaar. Ek het na u toe gekom om u goedgesindheid te wen net soos wanneer 'n mens in die teenwoordigheid van God verskyn. En u het my vriendelik ontvang.

Direk uit Hebreeus vertaal:
 “for truly to see your face is like seeing the face of God”

**In the holy God, there is something of the estranged brother. And in die forgiving brother, there is something of the blessed God. Jacob has seen the face of God. Now he knows that seeing the face of Esau is like that. The forgiving face of Esau and the blessing face of God have an affinity”
(Walter Breuggemann).**

Die verhaal van Jakob resoneer Paulus se boodskap in 2 Kor. 5:16-21

“Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees”. (NAV)

Hoe is God vandag ons ons wêreld teenwoordig?

“Waar daar deernis is, en liefde, waar daar deernis is, daar is God die Heer”
(Ubi Caritas)

HUISWERK VIR DIE VOLGENDE SESSIE
Lees die Josef verhaal in Genesis 37:2-50:26

'n Gepaste gebed vir vandag se sessie
(Die Groot gebedeboek)

Here, waarom is dit dan so moeilik
om in vrede met mekaar te lewe?
Waarom is dit nog moeiliker
om, as die geveg eers begin het, vrede te maak?
Geen wonder dat die oorloë nooit ophou nie.
Van myself moet ek erken
dat dit trots is wat my lippe so saampers
dat ek die woord "jammer" net nie kan uitkry nie.
Ek erken aan U daardie kinderagtige argument van
"Dis mos nie ek wat om verskoning moet vra nie",
wat my altyd kniehalter;
daardie flou verdediging van:
"Dit was mos nie my skuld nie."
Maar, Here, ek weet so goed dat niemand ooit
in hierdie soort geskille blaamloos is nie.
Dat die herstel van liefde en harmonie
ál is wat saak maak.
Here, my nare manier om in die hitte van 'n woordestryd
net om te draai en weg te loop,
is nie net onvolwasse nie - dis 'n swakheid in my karakter,
dit is selfvernederend.
Gee my die moed, die statuur,
en, ja, die nederigheid, om te kan sê: "Ek is jammer".

FRANK TOPPING